Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

Tyd: 2 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 11 bladsye (i–xi) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die spasie wat voorsien word.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** rooi of groen ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Dit is raadsaam om argumente met syfers / persentasies / verhoudings te motiveer, selfs wanneer die vraag dit nie uitdruklik noem nie.
8. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Versoenings (36 minute)	**30**			
Vraag 2: Maatskappy-ontleding (46 minute)	**38**			
Vraag 3: Begrotings (38 minute)	**32**			
TOTAAL	**100**			

IEB Copyright © 2025

VRAAG 1 VERSOENINGS [30 punte; 36 minute]

Verwys na die inligting aangaande The Karaoke Club.

Hierdie vraag bestaan uit drie dele, naamlik Deel A, Deel B en Deel C.

DEEL A [15 punte; 18 minute]

Gebruik die inligting aangaande die debiteure van The Karaoke Club om die vrae hieronder te beantwoord.

1.1 Stel die ouderdomsontleding vir debiteur **Beefcakes** op 30 April 2025 op. Toon al jou berekeninge sodat punte gedeeltelik toegeken kan word.

Let wel: Alle transaksies moet as deel van jou berekeninge aangedui word, ongeag die netto effek.

90+ dae	60+ dae	30+ dae	Huidig
Moenie bereken nie			

(13)

1.2 Verwys na die betaling wat op 30 Maart 2025 deur debiteur **Ed's Diner** gedoen is en die bykomende inligting wat verskaf word om die persentasie afslag wat toegestaan is, te bereken.

(2)

IEB Copyright © 2025

DEEL B **[9 punte; 11 minute]**

Gebruik die inligting aangaande die **enigste krediteur** van The Karaoke Club om die vrae hieronder te beantwoord.

1.3 Versoen die Krediteuregrootboek met die Krediteureversoening deur die tabel hieronder te gebruik. Negatiewe syfers moet tussen hakies () geplaas word. Plaas 'n X in die "Geen effek/Geen inskrywing"-kolom waar geen verandering in óf die Krediteuregrootboek óf die Krediteureversoeningstaat nodig is nie.

Berekeninge (waar nodig)	Krediteure-grootboek R	Krediteure-versoening-staat R	Geen effek/Geen inskrywing (X)
1. en 2. Verkeerde beginsaldo's		203 670	
3.			
4.			
5.			
6.			
7.			
8.			
9. Gekorrigeerde saldo's			

(9)

DEEL C **[6 punte; 7 minute]**

1.4 Ontleed die verhoudings wat verskaf word krities en maak toepaslike voorstelle waar probleme duidelik is.

(6)

30

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [38 punte; 46 minute]

Verwys na die inligting aangaande KAP Industrial Holdings Limited.

2.1 2.1.1 Bereken bruto wins as 'n persentasie van verkope vir **2023**.

(2)

2.1.2 Bereken bedryfsuitgawes as 'n persentasie van verkope vir **2022**.

(2)

2.1.3 In die Direkteursverslag word genoem: "*Groepinkomste (verkope) het met 6% toegeneem, met prysverhogings wat grondstofkoste-eskalering en stygende bedryfsuitgawes voldoende verreken het."*

Evalueer hierdie stelling krities met verwysing na:

- Inkomste (verkope) teenoor koste van verkope jaar tot jaar.
- Die verandering in bedryfsuitgawes jaar tot jaar.

Haal finansiële resultate (syfers/verhoudings) aan om jou bespreking te ondersteun.

Inkomste (verkope) teenoor koste van verkope jaar tot jaar
Bedryfsuitgawes jaar tot jaar

(6)

IEB Copyright © 2025

2.2 By die Algemene Jaarvergadering (AJV) van **2023** het 'n meerderheid aandeelhouer voorgestel dat die maatskappy 'n lening van R350 miljoen verkry om kontantvloei te verhoog, aangesien dit die risiko met net 0,03:1 sal verhoog.

2.2.1 Bewys deur middel van 'n berekening hoe die risiko met 0,03:1 sal verhoog (indien aangeneem word dat daar geen verandering in ekwiteit is nie).

(3)

2.2.2 Verwys na die **opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend en hefboomwerking** en evalueer waarom die verkryging van hierdie lening **nie** in die finansiële belang van die maatskappy sal wees nie, ten spyte daarvan dat die risiko slegs marginaal toeneem.

(4)

IEB Copyright © 2025

2.3 Aandeelhouers is bekommerd oor (a) die opbrengs op hul belegging in KAP, (b) verdienste en dividende en (c) die waarde van aandele.

Bespreek deur finansiële aanwysers/verhoudings aan te haal waarom hulle rede tot kommer het.

(a) Die opbrengs op hul belegging
(3)
(b) Verdienste en dividende
(4)
(c) Die waarde van aandele
(3)

IEB Copyright © 2025

2.4 Bykomende aandele is uitgereik en ander aandele is gedurende 2023 teruggekoop.

2.4.1 Wie magtig die transaksie om die aandele terug te koop?

(1)

2.4.2 Watter eksterne ouditbewys kan aan die onafhanklike ouditeur gelewer word dat hierdie transaksie aangegaan is?

(1)

2.5 KAP Ltd het omvattende korporatiewe sosiale verantwoorlikheid- (KSV-) programme en voldoen aan King IV.

Verduidelik TWEE finansiële voordele en TWEE **verskillende** finansiële nadele vir KAP Ltd as 'n direkte/indirekte gevolg van hul KSV-programme.

Voordele
•
•
Nadele
•
•

(4)

IEB Copyright © 2025

2.6 Verwys na Artikel D.

2.6.1 Waarom word "prysvasstelling" as onetiese sakepraktyk beskou?

(1)

2.6.2 Evalueer waarom dit binne die vermoë van KAP Holdings sal wees om die verantwoordelike individue te ontslaan.

•
•

(2)

2.6.3 Hierdie artikel het 'n aansienlike daling in die verhandelingsprys van aandele op die JSE veroorsaak voordat dit weer begin styg het.

Watter maatreëls/stappe het hulle ingestel om skade te beperk en hierdie ommekeer in die aandeleprys te skep?

•
•

(2)

38

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 BEGROTINGS [32 punte; 38 minute]

Hierdie vraag bestaan uit twee onafhanklike dele, naamlik Deel A en Deel B.

DEEL A [12 punte; 14 minute]

Verwys na die inligting aangaande The Flying Spanner Workshop.

3.1 Bereken die ontbrekende syfers gemerk A–D in die Kontantbegroting en Krediteure-betalingskedule.

A.	
B.	
C.	
D.	D1
	D2
	D3

(6)

3.2 Bereken die handelsafslag vir die maand **Junie 2025** en verduidelik waarom hierdie syfer nie in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste getoon sal word nie.

(6)

IEB Copyright © 2025

DEEL B **[20 punte; 24 minute]**

Verwys na die inligting aangaande Mzansi Amanzi.

Verwys na Inligtingspunt A.

3.3 Evalueer verkope vir **April 2025** en die impak wat dit moontlik op Mzansi Amanzi kon gehad het krities. Motiveer jou redenasie met syfers.

(5)

Verwys na Inligtingspunt A en Inligtingspunt B.

3.4 In April 2025 was die werklike kommissie wat op verkope betaal is laer as waarvoor begroot is. In Mei 2025 het die werklike kommissie aansienlik meer toegeneem as die toename in verkope. Gee TWEE redes hiervoor.

-
-

(2)

IEB Copyright © 2025

3.5 Sipho het die winsgrenspersentasie in Mei 2025 verlaag. Ontleed die positiewe effek wat dit gehad het op hoeveel kiloliter in Mei 2025 verkoop is. Hoe het dit tot kontantvloei bygedra? Verskaf syfers om jou antwoorde te motiveer.

Effek op kiloliter verkoop
•
Bydrae tot kontantvloei
•
•
•

(4)

3.6 Verduidelik waarom die moreel van die verkoopsmense van April tot Mei 2025 aansienlik sou toegeneem het. Verskaf syfers as bewys.

Verduidelik ook waarom die moreel van die bestuurder aansienlik sou afgeneem het vir dieselfde tydraamwerk. Verskaf syfers as bewys.

Waarom moreel van verkoopsmense toegeneem het
Waarom moreel van bestuurder afgeneem het

(2)

IEB Copyright © 2025

3.7 Dink jy dit was die regte besluit om twee van die houers aan die einde van April 2025 te sluit? Regverdig jou antwoord en motiveer met syfers.

☐ Ja, dit was die regte besluit ☐ Nee, dit was die verkeerde besluit

(2)

Verwys na Inligtingspunt C.

3.8 Bereken die totale waarde van die **kapitaalgedeelte** van die voorgenome lening.

(1)

3.9 Waarom sal die verkryging van die lening 'n beter finansiële besluit vir die onderneming wees?

(2)

3.10 Identifiseer uit die beskikbare inligting 'n moontlike manier waarop Sipho die houers op 'n later stadium kan koop sonder om van die lening gebruik te maak.

(2)

32

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2025